# WÊRELD-POLIODAG

## 24 OKTOBER

**POLIO IS 'N VIRUSINFEKSIE WAT PERMANENTE VERLAMMING (FISIEKE GESTREMDHEID) OF SELFS DOOD KAN VEROORSAAK. BY DEFINISIE VAN DIE WET OP GELYKE INDIENSNEMING, 1998 (WET 55 VAN 1998) WORD 'N PERSOON MET HIERDIE DIAGNOSE GEKLASSIFISEER AS 'N PERSOON WAT 'N GESTREMDHEID HET.**

### Vroeë tekens en simptome van polio tydens die kinderjare

Die vroeë tekens van polio tydens die kinderjare is onbepaald en sluit in koors, hoofpyn, spierpyn en braking. Dit kan vorder na swakheid, verlies aan funksie of verlamming van enige ledemaat of ledemate.

### Jy kan polio voorkom:

Terwyl die wêreld fokus op lewensbelangrike nuwe entstowwe om teen COVID-19 te beskerm, is daar steeds 'n behoefte om te verseker dat roetine-inentings nie misgeloop word nie. Maak seker dat kinders ten volle ingeënt is teen polio.

### Polio as 'n gestremdheid en werkfunksie

Voorbeeld: Mnr. Jacobs werk as steriliseringsoperateur by 'n instelling. Die fisieke eise van die werk is egter 'n uitdaging vir sy vermoë om optimaal te funksioneer. Op 'n gewone werksdag, word daar van mnr. Jacobs verwag om 'n omvattende steriliseringsdiens te verskaf aan pasiëntsorgeenhede, operasieteaters en ander gebruikersdepartemente deur chirurgiese en mediese toerusting af te haal, skoon te maak, te kontroleer, versprei en steriliseer. Die fisieke eise van die werk sluit in om vir lang tye te staan, te stap, en swaar toerusting soos mandjies en trollies ens. op te tel, stoot en pak. Sy toesighouer identifiseer dat mnr. Jacobs sukkel met die fisieke eise van die werk. In 'n scenario soos hierdie is die basiese stappe wat die toesighouer moet volg om 'n vergadering met mnr. Jacobs te reël om sy prestasie te bespreek deur die volgende riglyn te gebruik vir die verskaffing van redelike tegemoetkoming.

### Pligte

- Verskaf gesteriliseerde produkte en toerusting van gehalte.
- Handhaaf optimale funksionering van steriliseringseenheid en wasmasjieninstrumente.
- Voer swaar pligte uit soos om pakke en instrumentsbakke na verskeie gebruikersareas te neem.

### Hoe om redelik tegemoet te kom?

- **Neem asseblief kennis: Wetlik word daar aanbeveel dat die verskaffing van redelike tegemoetkoming gedoen word volgens konsultasie tussen die werknemer en toesighouer as 'n eerste stap.**
- **Die toesighouer kan die volgende vrae vra met die doel om die werknemer se behoeftes te verstaan:**
  - Het jy jou gestremdheid bekend gemaak?
  - Watter beperkings ervaar jy wanneer jy jou pligte uitvoer?
  - Hoe affekteer hierdie beperkings jou werkprestasie?
  - Watter spesifieke werktake is problematies as gevolg van hierdie beperkings?
  - Het jy enige voorstelle vir hoe jy redelike tegemoetgekom kan word?
- Kontak die Gestremdheidskomponent vir verdere konsultasie oor redelike tegemoetkomingsmaatreëls en beskikbare opsies vir die werknemer en toesighouer.

Sodra die redelike tegemoetkoming bepaal is vir die werknemer, sal dit nuttig wees om met die werknemer te vergader om die doeltreffendheid van die tegemoetkomings te evalueer en om te bepaal of bykomende tegemoetkomings benodig word.



Wes-Kaapse Regering
VIR JOU

**Boodskap van die Subdirektoraat Werknemergesondheid en -Welstand, Diversiteit en Gestremdheid:**
Waseema.Herabai@westerncape.gov.za | 021 483 5676
Lucky.Mazabelana@westerncape.gov.za | 021 483 6734
Siphosethu.Madindala@westerncape.gov.za | 021 483 5372